Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

1 Maart 2020

OGGENDEREDIENS: Prof. Riaan Rheeder

Ons verwelkom graag vir prof. Riaan wat ons vandag in die erediens lei. Riaan is in ‘n navorsingspos by die Fakulteit Teologie en is steeds verbind aan die GK Wesrand waar hy bedieningsverantwoordelikhede het.

Tema: Christelike godsdiens is nie “mensgemaak” nie.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Liedboek 163 (Soos ‘n wildsbok); Votum; Seën; Loflied: Ps. 116-1: 1, 9 en 10; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Rom. 13: 8-10; Sing as antwoord op die wet: Lied 168: 1, 2, 3; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Galasiërs 1: 1-12
Teksverse: Galasiërs 1: 8, 11-12
Sing Sb 14-3: 3, 4 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Slotsang: Sb 10-2 (Onse Vader); Seën; Amenlied: Sb 13-3.

GROEPBEDIENING

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas.

Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar:

- 17:00 Groep 31 onder leiding van prof. Naas.
- 18:00 Groep 35 en die jong volwassenes.

MEELEWING

- Ina van Wyk (Groep 38 - 076 799 5547) se toetse het positief teruggkom. Die vergroeisels wat dokter van haar kop verwyder het, is kwaadaardig en die onkoloog oorweeg nou verdere behandeling.
- Lou Venter (Groep 24 - 082 566 5879) ervaar baie pyn en ongemak na sy operasie en sterk tuis aan.
- Joe Coetzee (Groep 1 - 083 647 5250) is ontslaan en word tuis versorg. Die onkoloog wag vir goedkeuring om voort te gaan met chemoterapie.
- Dries Schutte (Eikelaan, groep 27 - 082 339 5547) se veloorplantingsoperasie was suksesvol maar daar lê nog ‘n lang herstelpad voor.
- Louis Abrie (Groep 4 - 078 708 8804) sterk tuis aan. Dit blyk dat hy wel ‘n sekere persentasie van die gebruik van sy voet gaan verloor.

- Jasper Venter (Groep 39 - 072 248 5551) het ‘n terugslag beleef en die dokters poog om hom pynvry en rustig te hou.
- Tannie Miemie de Beer (Groep 26 - 084 896 9094) se beenoperasie was suksesvol, maar sy is swak en kan nog nie loop nie. Sy word nog in Medikliniek behandel.
- Harmen Wijnberg (Groep 3 - 062 437 2505) het ‘n terugslag beleef met ‘n bloedklont in die been wat verlede week geopereer is. Hy word in Mooimed behandel. Sy dogter is ook daar opgeneem vir behandeling en Ursula se pa het ‘n beroerte gehad en word in Potchefstroom Hospitaal behandel.
- Dawie van Zyl (Groep 38 - 082 774 7936) het ‘n operasie aan sy polsgewrig ondergaan en sterk tuis aan.
- Myrna Van Eyssen (Groep 13 - 064 039 3091) was in Multisorg opgeneem vir medikasieaanpassings. Die nuwe medikasie werk goed en dit gaan beter met haar.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne, Annette Coetsee, Hannie Kruger en Jasper Venter.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Susan Lourens (073 898 0181) en Hendrik vd Walt (079 022 2526)
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00 en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00 en 19:00-20:00

BAIE GELUK

- Gideon Coetzee het ‘n kleinseun ryker geword. Baie geluk.
- Ds Daan en Fransie Bakker het ‘n kleindogter ryker geword. Ons is saam met hulle bly en dankbaar!

Maart 2020

Ons kniel saam en bid…

1 Petrus 2: 9
“Julle daarenteen is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig”.

Ons loofen prys die Here vir Sy gemeente, ons geestelike leiers, di. Piet, Pieter wat ons lei met woordbediening, onderrig, pastorale versorging, berading en bybelstudies.
Ons dank die Here vir geestelike en materiële versorging!
Ons is opreg dankbaar en ons gebede is die vernaamste deel daarvan!
Ons dank die Here vir elke broer en suster in die geloof – dankie vir ons omgee en diens aan mekaar!
Ons dank ons Hemelse Vader vir verbondskinders en dat ons hul mag onderrig en dankie vir elke ouderling,

diaken, kategeet en ma en pa wat getrou hul verbondsbelofte nakom! Alle eer en lof aan U!.

Ons bid vir:

- n Biddende gemeente!!
- Huisgesinne, pa's, ma's en kinders. Vra vir beskerming vir alle huisgesinne.
- Ons bejaardes – bid dat hul nie eensaam en alleen mag wees nie en vir hul geloof.
- Elke uitreik en bediening van ons kinders en jongmense. Bid vir die leiers!
- Die bediening van die naskoolse jongmense, bybelstudies Donderdag-aande – bid vir elke groepleier en vir geloofsgroei.
- Ons gemeente se visie om die evangelie uit te dra en ons kleingroepe se bestudering van die Here se Woord – help elkeen om dit getrou te doen.
- Bid asb. vir Koot en Engela van der Walt (079 395 2789) en Erasmus Venter – bid veral vir genoeg fondse sodat die bediening by Syferfontein en Klipdrift kan voortgaan. Bid vir mede-broers en susters om ook hiermee te help.
- Elkeen wat wonder wat sy/haar gawe is, om die vraelys in te vul of vir Huib van Hamburg (082 550 5493) te kontak en uit te vind en diensbaar te raak!

Onthou asb: kom bid saam Sondagoggende 09:00 in ELIM (kerksaal) of Woensdag-aande soos aangedui op die kalender of stuur asb. gebedsversoeke na Elsie (072 449 1982).

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Katkisasie, les 5
Kleuterbediening
Tee en koffie
Groepbediening
18:00 Jong volwassenes
18:30 Leierskapsopleiding

Maandag
18:30 - 50-jarige feeskomitee vergader

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie gr 10
18:00 Katkisasie gr 9
18:30 Gebed & Ondersteuning
18:30 Ouderlinge: Toerusting: Blok C
19:00 Bybelstudie

Donderdag
Ouderlinge: Blokvergadering
18:30 Blokke A en C (gr. 1 - 10 en 21 - 30)
19:30 Blokke B en D (gr. 11 - 20 en 31 - 42)
Dankoffervorms inhandig

Vrydag
18:30 Huweliksverrykingskursus

Saterdag
08:30 Huweliksverrykingskursus

Volgende Sondag
08:00 Huweliksverrykingskursus
19:00 Ouderlinge: vergadering

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawes by die deure vanoggend vir die GKSA: Sustentasie
- Gawes volgende Sondag vir die Teol. studentekas

- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 1 Maart
Br Hofmeyr de Vos 082 551 2793
Sr Elsie Ferreira 072 449 1982

Maandag, 2 Maart
Sr Douwlené vd Walt 076 834 0769

Dinsdag, 3 Maart
Sr Annéén Labuschagne
Jbr Derick v Zyl

Woensdag, 4 Maart
Sr Sarita du Preez 082 375 0572

Donderdag, 5 Maart
Jsr Liz-mari J v Rensburg
Sr Sanet Ras 083 232 8461

Vrydag, 6 Maart
Br Hendrik Riekert 082 444 3443

Saterdag, 7 Maart
Br Dawie du Plessis 082 492 0283

OPNAME VAN MUSIEKTALENT IN DIE GEMEENTE

Ons heg graag vandag 'n los blaadjie in die Dienelkander. Penne is in die voorportaal van die kerk beskikbaar. Vul asb vir ons in en gooi in die houer in die voorportaal of in die kollektesakkies.

HUWELIKVERRYKINGSKURSUS: 6 - 8 MAART KOM MAAK DIT NOG BETER!

Ons eerste huweliksverrykingskursus het aangebreek!
Tye: Vrydagaand 18:30. Saterdag 8:30 tot 13:00 en Sondag 8:00 - 9:30.

Onthou om vraelyste aan dr Pieter terug te stuur. **Koste:** R 100.00 per persoon.

BAIE DANKIE

Baie dankie Johan en Ria Barnard vir die groot skenking van 'n vrieskas en tafeltjies vir die kerk. Dit word opreg waardeer en sal baie nuttig aangewend kan word.

KERKLIKE TYDSKRIFTE: KERKBLAD EN VROUEBLAD

Die tydskrifte is op die tafel in die voorportaal van die Skuur - slegs vir lidmate wat daarop ingeteken is.

BEROEPE NUUS

BEROEP ONTVANG

- Proponent R Steyn (Ruan) na GK Tsumeb as medeleraar met die opdrag van kerkplanting in Oshakati

BEROEPE BEDANK

- Ds C Jooste (Christiaan) van GK Waterberg na GK Potchefstroom
- Ds PGP le Roux (Pieter) van GK Wonderboompoort na GK Totiusdal

ALGEMENE INLIGTING

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt
082 851 3637
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 /
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

BANKBESONDERHEDE:

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Tjekrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad "Geref Kerk Potch-Oos.
Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.
Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

BYDRAES VIR DIE DIENELKANDER

Lidmate is baie welkom om bydraes/berigte of nuus vir die Dienelkander deur te gee na die Kerkkantoor. Doen dit asseblief voor Vrydae 09:00. ("Dien-elk-ander": Nederlands vir "dien mekaar"!) Die Dienelkander is elektronies beskikbaar en word Vrydae per e-pos uitgestuur. Kontak Adele by die kerkkantoor indien jy dit graag elektronies wil ontvang.

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan,
die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Annetjie Vermeulen en groep 3, Susan Lourens en groep 12, Corné Geyer en groep 22, asook Ina Jordaan en groep 32.*

***Volgende week** skink Lorette Bester en groep 4, Ria Robberts en groep 13, Anneke Steenkamp en groep 23, asook Carina Smits en groep 33 se susters, tee. Baie dankie julle!*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Sustersaamtrek 2020: Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

Ons herinner die sustrs wat hierdie geleentheid bywoon:

Sustersaamtrek, DV op Saterdag, ***7 Maart 2020 om 08:00 vir 08:45*** *by die* ***Hervormde Kerk, Boekenhoutlaan, Doringkruin****.*

Tema: Intimiteit met God, Spreker: Prof. Sarel vd Walt.

Kostes: R120 p/persoon

Besprekings het reeds gesluit! Onthou asb om jou registrasiegeld by die kerkkantoor in te betaal.

Eerste kwartaal

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
7 Maart	**Saterdag**	**Heeldag**	**Klerksdorp-Noord**	**Sustersaamtrek**
8 Maart	**Sondag**	**18:30**	**Blok C**	**Ouderlingverversings**
15 Maart	Sondag	12:00	**Blok B**	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

In ons fokusreeks, het ons die week as gesinne na Hebreërs 11 gekyk. God se getuigskrif oor sy kinders.

'n MOET VIR ALMAL SONDER MOED

'n Boekie wat Bybelkoerant baie sterk kan aanbeveel, is Brief aan die Hebreërs, deur 'n onbekende skrywer.

Die boek is in die vorm van 'n brief geskryf, maar dit is eintlik 'n lang preek. Die skrywer wil in die boek sy lesers aanmoedig om te bly glo en nie moedeloos te word nie. 'n Lewende geloof is moontlik, sê hy, mits ons elke dag volhardend die Here Jesus volg. Hy maak ook baie van die verantwoordelikheid van gelowiges om na mekaar om te sien en mekaar aan te help op die geloofspad. "Laat ons na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade," skryf hy in die elfde hoofstuk.

Die boek is eintlik 'n literêre kunswerk en word beskou as die beste kunsprosa uit die eerste eeu n.C. Lees dit gerus!